

IN MEMORIAM: W J RICHARDS
21 Mei 1922 – 28 April 2011

L Cilliers (Universiteit van die Vrystaat)

Willem Johannes Richards is op 21 Mei 1922 in Middelburg, Transvaal, gebore as die oudste van nege kinders. Nadat hy hier gematrikuleer het, gaan hy na die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys waar hy in 1942 die BComm-graad behaal. Hierna verander hy van studierigting, en na die neem van aanvullende vakke by die Universiteit van Suid-Afrika verkry hy in 1947 BA-status (Klassieke Tale) aan die Universiteit van Pretoria. In 1952 wend hy hom tot die Teologie en slaag dan ook in daardie jaar sy eerste jaar BD. Sy belangstelling in die Klassieke is egter sterker en hy sit sy studies in hierdie rigting voort; in 1956 behaal hy die MA-graad in Latyn onder prof. H L Gonin as studieleier. Na verkryging van die doktoraal in Klassieke Tale (met lof) aan die Universiteit van Pretoria in 1959 sit hy sy studies voort in Utrecht, Nederland, waar hy van 1962 tot 1964 studeer en sy D Litt. behaal met 'n proefskrif getiteld *Gebed by Seneca, die Stoïsyn*, onder leiding van prof. H L W Nelson. Na sy terugkeer na Suid-Afrika studeer hy verder in Wysbegeerte, waarin hy in 1968 die BA Hons.-graad met lof verwerf. In 1972 doen hy weer 'n jaar lank navorsing in Europa en spandeer sy tyd veral in Duitsland, Nederland, Switserland en Engeland.

Willem Richards het sy loopbaan in 1943 begin as lektor in handelsvakke aan die Pretoriase Tegnieiese Kollege. Vanaf 1952 was hy deeltydse lektor en vanaf 1955 lektor in Klassieke Tale aan die Universiteit van Pretoria; in 1960 word hy bevorder tot senior lektor. In 1966 word hy professor en hoof van die Departement Latyn aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. In 1977 word hy verkies tot Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, en in 1978 tot Vise-Rektor, 'n amp wat hy tot sy aftrede aan die einde van 1987 beklee.

Etlike publikasies het uit die pen van prof. Richards verskyn, en hy was die studieleier van vyf studente wat 'n MA-graad en drie wat 'n doktorsgraad voltooi het. Hy was ook lid van talle akademiese en kultuurliggame.

Willem Richards was 'n inspirerende leermeester, en het as kultuurmens op 'n baie wye terrein 'n bydrae gelewer. Sy lewensfilosofie van 'Uit God, deur God en tot God alle dinge' het in alle fasette van sy lewe vergestaltung gevind. Ons, sy oud-kollegas en vriende, eer met waardering sy nagedagtenis.